

## **Sing vooraf staande: Psalm 138:1 (p. 670)**

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 33:5 (p. 159)**

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.  
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.  
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.  
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.

## **Geloofsbelydenis Nicea**

**Wet**

## **Psalm 119:62 (p. 598)**

- 62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar  
na die heil wat U beloop het, / na u kennis wonderklaar!  
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!  
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!

**Gebed**

## **Psalm 73:1 (p. 366)**

- 1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.  
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.  
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed  
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.

**Skriflesing: Hosea 4**

**Teks: Hosea 4:1, 6a**

**Hoor die Woord van die HERE, o Israel, want die HERE het 'n regspraak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie. (Hosea 4:1 AFR53)**

**My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, ... (Hosea 4:6a AFR53)**

Hierdie woorde van die Here is baie kwaai! Modern gesê, staan hier:

*Jy kan nie in my koninkryk inkom nie! Ek verwerp jou tot in die hel! Jy wat nie kennis van My wou hê nie!*

Broeder! Suster! Kind! Dis wat vir ons wag as ons Bybelkennis swak is.

- Dis nie moontlik dat ons sê ons glo in die Here en daarmee volstaan ons nie!
- Ons lê soms hopeloos te veel klem op ons mooi lewe en die goeie dinge wat ons doen (werke) – maar daarmee saam weet ons te min wat in die Bybel staan.
- Ons doen goeie werke, so goed soos wat ons kan, want ons moet ons dankbaarheid bewys – maar ons sien uit Efesiërs 2:8 dat ons loon daarvoor die ewige dood is.

Waarom volhard sommige mense dan so in die skyn van reg, terwyl daar so veel is waarvan ons ons moet bekeer?

- Omdat ons kennis van God so swak is. Dis waarom.
- Ons ken nie die Bybel goed genoeg nie – dis al hoe ons God werklik kan ken, want die Bybel is die besondere openbaring van God.

Dit help absoluut niks dat ek vir iemand kan sê: die Bybel sê iewers dit of dat oor hierdie saak nie.

- Gewoonlik is ons aanhaling so gewysig dat dit nie die Bybel self is wat spreek in ons mond nie.
- Kom ons sê dit soos dit is: dis nie die Here wat spreek in ons woorde nie, want ons kennis is te swak.

*Om die saak te vererger, vra die persoon wie ons dan probeer oortuig van die waarheid waar die Here dit in sy Woord sê, en dan kan ons nie die plek kry nie, of ook nie eers weet waar om daarvoor te soek nie!*

Presies so was dit met Israel. Die Here stuur toe twee profete na hulle toe.

- Die Here stuur die profeet Amos om oor hulle sosiale ongeregtigheid te preek.
- Hy stuur ook Hosea om oor hulle godsdienstige ongeregtigheid te preek.
  - Dis die hele inhoud van sy optrede en prediking: Julle is ontrou in julle godsdiens! Julle is ontrou aan die Here!

Vers 1 is 'n oproep dat die volk moet wakker word en die Woord van die HERE hoor.

- Die Here kom met julle 'n regstryd voer.
- Ons stel dit in ons idioom: Die HERE gaan julle dagvaar! Want julle het geen liefde meer nie, geen trou meer nie, geen kennis van die HERE meer nie.

Daar is drie dinge wat die Here teen die volk het. Elke een is die gevolg van die volgende een wat die Here noem.

- Dis omdat julle nie die HERE ken nie, dat julle ontrou geword het.
- Want dis net iemand wat los is van God wat sy woord breek en nie sy beloftes nakom nie.
- Dis net sulke mense wat jy glad nie kan vertrou nie.

*En, sê die HERE, dis omdat julle julle trou teenoor mekaar verloor het dat julle ook nie meer liefde vir mekaar oor het nie.*

In vers twee vertel die HERE presies waar hulle betroubaarheid en eerlikheid en liefde teenoor mekaar in hulle daaglikse lewe kortkom.

- Julle sweer vals, julle lieg vir mekaar, julle steel, en steel ook mekaar se vrouens en mans, want julle pleeg owerspels soos godsverlaters alleen doen.
- Julle breek in mekaar se huise in, en in die proses raak baie mense gewond, sodat die HERE sê dat dit een bloedbad is wat in die ander een inloop.

Dink nou net: Dis beslis nie alle mense wat so vreeslik sleg was nie.

- Daar was ook gelowiges onder hulle.
- Maar die HERE plaas al die slegtes ook op die gelowiges se rekening, want hulle het nie genoeg kennis van God gehad om die slegtes te bekeer nie.

Geestelike kennis het ontbreek.

- Dit is so omdat die mense van God vervreem geraak het.
- Altyd as mense die kennis van die HERE verloor, dan kom daar hierdie soort van geestelike verwildering – onkunde oor die HERE en sy Woord.

Die sondes wat in vers twee genoem word, is 'n opsomming van die Tien Gebooie. Wat wil die HERE nou vir ons sê?

- Dit: As jy nie die Bybel ken nie, dan gebeur hierdie soort ding dat jy en almal rondom jou hierdie vieslike sondes begin doen.
- Dan kan ons nie dié wat sondig, reg help nie, want ons het self ook nie die kennis om dit te doen nie!
- Dan STRAF die HERE ons! Onkunde by Hom is geen verskoning nie! Jy moet sorg dat jy die kennis het.

Vers drie vertel van die HERE se oordeel. Hy móét hierdie sondes straf. Hy kan net nie anders nie.

- Hy gaan die land laat wegkwyn – mens en dier – totdat daar niks oorbly nie.
- MAAR, hoor u ook dat die HERE hier van die laaste oordeel praat.
  - Die HERE stel dit so dubbelsinnig dat dit nie net op Israel in daardie jare van toepassing is nie.
  - Dit stel ons voor dieselfde God, voor dieselfde eis, voor dieselfde oordeel.

Kyk nou na vers 5:

**Daarom sal jy struikel bedags.**

Lees u die verwyt raak?

- Dit gaan oor die woordjie *bedags*. In die dag kan mens mos sien waarheen jy loop.
- Dan loop mens mos nie oor allerhande goeters en val nie.

*Die bedoeling van die Here is dat die sonde ons baie maklik gaan pootjie omdat ons nie kennis het om die sondes raak te sien nie, totdat ons uiteindelik oor die oordeelsdag struikel wanneer ons in die hel beland.*

Ons word as kerkraad, predikant en gemeente skuldig gestel.

- In die nag sal die profeet saam met jou struikel, sê die HERE.
- Die kerkleiers weet self ook nie genoeg nie. Ons kennis is ook te swak.

Broeders en susters en kinders, raak dit nie dalk nou tyd dat ons iets aan die saak doen nie? Dit help nie om te weet waar ons alles kan gaan soek in boeke nie. Ons moet die kennis hê – dis wat die Here wil hê.

Vers 6:

**My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis.**

- My volk doen in hulle daaglikse lewe sonde omdat hulle nie die Bybel ken nie! Omdat hulle My nie ken nie!
- Dan gaan hulle hel toe, want niemand kan in my koninkryk inkom wat My nie ken nie.

Verstaan u die geweldige erns waarmee die Here ons aanspreek?

Kom, laat ons saamkom en die Woord van die Here ondersoek en naspeur sodat ons die kennis kan hê!

- Sodat ons geloof kan verdiep, en sodat ons dié wat nie wil hoor nie, kan aanpraat!
- Nie om daarmee die hemel te verdien nie, want ons kan nie.
- Om daarmee ons dankbaarheid te bewys omdat Christus klaar vir ons die hemel verwerf het!

Kyk nou net hoe het Jesus die hemel vir ons verwerf, en vir ons sondes betaal – uit die oogpunt van die volgende teks gesien. Daar staan in Jesaja 53:11:

**deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hý sal hulle skuld dra.** (Jesaja 53:11 AFR53)

Dis 'n Christus-profesie uit die Ou Testament.

Die Here Jesus het onderrig en vermaan omdat Hy geweet het waarvan Hy praat.

- As die satan uit die Bybel aanhaal met die versoeking in die woestyn, dan kan Jesus sê: *Daar staan ook geskrywe.*
- Deur sy kennis van God en sy Woord leer Hy sy dissipels.
- Deur sy kennis ken Hy elke uitverkorene, want Hy praat van dié wat die Vader Hom gegee het.
- Hy ken ons sondes en ons swakheid. Daarom sterf Hy vir ons, en stuur Hy ook die Heilige Gees na ons toe terug.

Dit was nie net 'n kwessie dat die Here Jesus Christus gesterf het nie.

- Hy het presies geweet waarvoor Hy sterf.
- Daarom het sy Gees die opdrag om ons in die waarheid te onderrig. En om te weet van die waarheid, is om kennis te hê. Johannes 16:13:

**Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei;** (Johannes 16:13a AFR53)

Die hele waarheid is die volle Woord van die Here. Dis die hele Bybel.

- Ons moet dit bestudeer en ondersoek.
- Die Heilige Gees sal ons inspireer om dit te doen, en om die inhoud daarvan te verstaan en te glo!

Gemeente, waak en bid, want dis vir ons ook wat hier geskrywe staan dat die HERE 'n regsak met ons het.

- Want ons doen lelike sondes en ons is laks in ons geloofsluwe en ons is liefdeloos teenoor mekaar, want ons ken nie die Here nie.
- Daar is geen kennis van God meer in die land nie.

Dis tot my en jou wat die stem van die Heilige Gees sê:

**My volk gaan te gronde wees gebrek aan kennis!**

Dit sal die rede wees waarom die Here vir almal wat verlore gaan, sal sê: Jy kan nie My koninkryk binnetree nie weens jou gebrek aan kennis van die HERE.

**Amen.**

Slotgebed

Here, wees ons in ons sondes genadig. Laat U koninkryk ook kom in ons bekering sodat ons met ywer en met vreugde u Woord mag ondersoek en bestudeer, sodat ons kennis van U en van ons saligheid mag toeneem. Vergader ons vanaand weer hier rondom u Woord, sodat ons aan U die eer en aanbidding mag gee wat U toekom. Om Christus wil.

**Amen.**

Slotpsalm 100:2, 3 (p. 494)

- 2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof, / met lofsang in sy tempelhof;  
kom in sy huis, o bondsvolk, saam; / verhef sy lof en prys sy Naam.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 24 November 2013